# Die eensame slang

Storie deur Sanelisiwe Maliza | Illustrasies deur Shadrack Munene

"Sssss," huil Baba Slang.

Wanneer Baba Slang by haar gat in die grond uitseil, vlug al die diere weg. Die kormorant vlieg tot op die hoogste tak in die boom. Die muise skarrel weg. Baba Ystervark waggel weg na sy nes toe.

"Hoekom hou die ander diere nie van my nie, Mamma?" huil Baba Slang. "Elke keer as ek uitgaan om met hulle te speel, hardloop hulle weg sonder om my eens te groet."

"Hulle het almal nare stories oor slange gehoor. Die diere dink slange is sleg. Hulle is bang vir ons," sê Mamma Slang.





Baba Slang kyk van agter ’n rots hoe die diere saam speel. “Dit lyk of hulle soveel pret het,” sê sy hartseer.

Baba Slang hoor ’n gehuil. Sy seil nader.

’n Groep rooikatwelpies spot vir Baba Ystervark en spoeg na hom.

“Hou asseblief op,” snik Baba Ystervark.

Baba Slang seil *nog* nader.

"SSSSSSSSSSSSSSSS!"

Die boelies skrik so groot dat hulle so vinnig as wat hulle kan weghardloop.

"Dankie," sê Baba Ystervark met 'n skor stem.

"Niks te danke nie," sis Baba Slang. "Bly net naby my en daardie ouens sal jou nooit weer boelie nie!"



En tot vandag toe woon Slang en Ystervark nog gelukkig saam.

Nal'ibali-pret

# Die eensame slang

Storie deur Sanelisiwe Maliza • Illustrasies deur Shadrack Munene

## Idees om oor te gesels

Wat dink jy moes die rooikatwelpies gedoen het toe Baba Ystervark gesê het: "Hou asseblief op"?

Dink jy Baba Ystervark was verbaas dat Baba Slang hom gehelp het? Hoekom?

Watter soort stories het jy al oor slange gehoor of gelees?

## Visueel

Teken 'n prentjie van 'n slang. Kleur dit in en voeg 'n praatborrel by. Skryf die geluid wat slange maak in die praatborrel.

## Lees

Lees die titel van die storie. Dink dan twee van jou eie titels vir die storie uit.

## Skryf

Skryf woorde wat slange beskryf, in die vorm van 'n slang neer.

## Handwerk

Gebruik vuurhoutjies en speeldeeg of klei om ystervarke en slange te maak.

## Speel toneel

Beweeg soos die diere in die storie: seil soos die slang, loop rond terwyl jy spot en spoeg soos die rooikatwelpies, wys jou penne soos die ystervark.